KAT
KOVSIE-ALUMNI TRUST
jou **visie** ons **missie** · your **vision** our **mission**
BULLETIN
Uitgawe | Issue 9 2019
UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
ALUMNI

# Regter Faan Hancke – stigterslid en steeds trustee van die **Kovsie-Alumni Trust**



Regter Faan Hancke is onlosmaaklik deel van die Universiteit van die Vrystaat (UV). Nie net het hy sy B.Com.-graad en LL.B. hier voltooi nie, maar hy was ook deeltydse dosent in Handelsreg, President van die Konvokasie en eerste Voorsitter van die Kovsie-Alumni Trust (KAT). Hy was ook die eerste Voorsitter van die Kovsie Regsalumni, lid van die Breë Transformasieforum en lid van die Universiteitsraad, waarvan hy nege jaar die Voorsitter was.

Dis omtrent 'n mondvol, veral inaggenome dat Regter Hancke vir 24 jaar 'n regter in die Hooggeregshof was. Gedurende hierdie tydperk, was hy ook waarnemende regter in die Appèlhof en waarnemende Regterpresident in die Vrystaatse Hooggeregshof.

Maar terug by die Trust. Regter Hancke is in September 1996 tot Voorsitter van die Trust verkies en het die posisie vir ongeveer tien jaar beklee. Volgens hom is die idee vir die Trust gebore toe die UV se donasie-inkomste nie aan die verwagtinge voldoen het nie.

"Harold Verster en Jerry Brynard, destyds van die Bemarkingskantoor, het na aanleiding van 'n struktuur in die VSA voorgestel dat fondsinsameling onder die vaandel van 'n trust moet geskied," vertel hy.

Sedert die Trust se ontstaan is ongeveer R60 miljoen ingesamel, waarvan R47 miljoen die afgelope tien jaar ingesamel is.

In April 2013 het hy afgetree, maar in 2014 was hy weer vir 'n termyn op die regsbank van die Appèlhof. Hy was ook gedurende 2015 en 2016 vir twee afgebroke termyne betrokke by die Hooggeregshof, hoofsaaklik met 'n omvangryke bedrogsaak by die Onderwysdepartement, waarby die gewese hoof, mnr Teboho Lioma en werknemers die beskuldigdes was.

Alhoewel hy afgetree is, is daar van stilsit geen sprake nie. Hy spandeer steeds gemiddeld een week per maand aan die regsberoep, meesal vir arbitrasies, en hy boer ook een week per maand met skape, beeste en wild op sy plaas in die Jagersfontein-distrik.

"Verder reis ek graag – meer binnelands – en ek lees ook baie. Wat laasgenoemde betref is ek versot op Geskiedenis en is ek veral lief daarvoor om ou boeke te versamel."

Sy voelers het die UV ook nog nie heeltemal laat gaan nie. In 2009 het hy 'n cum laude-toekenning van die Fakulteit Regsgeleerdheid by hulle eeufeesdinee ontvang en hy was Buitengewone Professor in dié Fakulteit. Hy is steeds 'n trustee van die KAT.

Hy dink met genoegdoening terug aan die tyd waar hy by die UV betrokke was.

"Die Universiteit het vir my baie beteken en my lewe verryk. In my beroep het ek in strafsake met misdadigers te doen gehad. By die UV was ek weer omring deur top akademici, asook interessante, invloedryke en bekwame lede van die gemeenskap wat eredoktorsgrade en ander toekennings gekry het.

As Voorsitter van die Trust het ons saam met Johan Botha en oud-rektor Stef Coetzee meer as 50 funksies oor die hele land en Namibië gehou. Maar daar is inderdaad 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan. Die UV sal egter altyd vir my spesiaal bly."

# Matrikulant van die jaar op die vooraand van groot viering



*Vanjaar se wenner, Pieter Hoogenboezem van Hoërskool Pietersburg saam met sy ouers Hans en Eldi Hoogenboezem.*

Een van die Universiteit van die Vrystaat (UV) se bekendste jaarlikse geleenthede, die Matrikulant van die Jaar-kompetisie, vier volgende jaar hulle veertigste verjaardag en dit beloof 'n spoggeleentheid soos min te wees.

Die kompetisie het in 1981 die lig gesien en het aanvanklik as die Matrieknooi-kompetisie bekendgestaan. In 1997 het die formaat van die kompetisie verander en seuns kon ook vir die eerste keer deelneem. Dit is toe na die Matrikulant van die Jaar-kompetisie herdoop.

Veelsydige matrieks van oor die hele Suid-Afrika neem jaarliks deel. Die enigste vereiste is dat hulle die volgende jaar by die Universiteit van die Vrystaat (UV) kom studeer. Inskrywingsvorms word deur Mazars geëvalueer op grond van akademie, sport, kultuur, leierskap en betrokkenheid in die gemeenskap. Daarna word 25 semi-finaliste aangewys, waarvan 14 uiteindelik gekies word om die Matrikulant van die Jaar-naweek by te woon. Beoordelaars wys 'n wenner aan.

Die Kovsie-Alumni Trust (KAT) is reeds vanaf 2000 by die kompetisie betrokke. Hulle gee 'n ruim borgskap van R125 000 wat in studiebeurse vir die top 25-finaliste verdeel word, en hulle borg ook 'n funksie waar die beurse aan die finaliste oorhandig word. Verder skenk hulle twee pryse van R5 000 elk vir uitsonderlike prestasie wat deur die finaliste behaal is.

Ander borge is ABSA, Pick 'n Pay Hyper, Pick 'n Pay Preller Walk en Mazars.

Deur die jare het die Matrikulant-wenners en selfs van die finaliste groot hoogtes bereik. Dr Lynette van der Merwe, wenner van die kompetisie in 1984, is tans Hoof van Voorgraadse Programbestuur in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Die 1998-wenner, Anchen Laubscher is tans Mediese Direkteur van die Netcare Groep en Pieter Rademan, 2009-wenner het die Junior Springbokke in die Wêreld-beker verteenwoordig. Nadat hy in 2011 sy mediese graad onderbreek het om in Italië rugby te speel, het hy in 2015 sy graad cum laude behaal met boekpryse in Interne Geneeskunde en Algemene Chirurgie.

Die finaliste staan self nie terug nie. Seker een van die bekendste Matrikulant-finaliste is voormalige Mej Suid-Afrika en Mej. Wêreld, Rolene Strauss. Nog twee rugbysterre, Andries Strauss en CJ van der Linde, was ook finaliste.

Volgende jaar is die kompetisie 40 jaar oud en die UV wil graag alle vorige finaliste en wenners na die vieringe vanaf 27 tot 29 September uitnooi. As jy 'n vorige finalis of wenner is of ken, skakel asseblief vir Linda Greyling by 051 401 3384, of stuur 'n e-pos na greylinl@ufs.ac.za

# Creating **opportunities, investing** in growth

The Kovsie Alumni Trust is a dynamic fund that plays an important part in the University of the Free State's advancement as a quality higher education institution.

One of the Kovsie Alumni Trust's most important functions is enabling students to study at the UFS through its bursary programme. Over the past 23 years, these bursaries have allowed talented young people to access quality higher education.

Since 1998, the Trust has paid more than R25 million to the UFS in the form of academic, sport and ad hoc bursaries. In 2019 alone, R1,7 million has been allocated for bursaries.

All undergraduate and honours' students at the UFS are eligible to apply for support from the Kovsie Alumni Bursary Fund. Academic bursaries are subject to the availability of funding and are based on points-criteria. These include, among others, enrolment at the UFS for at least 120 credits in the current year in any field of study, academic results

# Star of the stars – new iniative to recognise excellence

The Matriculant of the Year competition has a long and proud tradition at the University of the Free State (UFS). However, a need was identified for a competition to recognise top learners in the central regions of South Africa who came from smaller, rural schools and who might not have had the opportunities of learners in higher profile city schools.



*From this year's competition (from left to right): Ms Cathy Dlodlo (OFM News Manager), Masabatha Mosoeu (Officer: Academic Advising), Thabang Sithela (winner), Prof Francis Petersen (UFS Rector), Nomonde Mbadi (Director: Student Recruitment), Helen Namponya (Graduations Coordinator and MC), Gugu Tiroyabone (Chief Officer: Academic Advising) and Mar'c Scholtz (Businessman and Marketing Guru).*

And so, the Star of the Stars competition was born. This competition celebrates excellence among Grade 12 learners from Quintile 1, 2 and 3 schools in the Xhariep, Motheo and Lejweleputswa regions of the Free State province. In 2019, the competition expanded to include learners in all five districts.

The Kovsie Alumni Trust has been a proud sponsor of the competition for the past two years.

What makes the accomplishments of these learners so remarkable, is the fact that they come from schools located in some of the poorest communities in the province. The top 20 are selected using Grade 11 and Grade 12's June results and from this group, ten finalists are chosen using criteria such as academics, leadership and community engagement once the final Grade 12 results are released.

The office of Student Recruitment Services at the UFS manages the project and this year, more than 100 applications were received from 44 schools in the region. The panel of seven judges, comprised of members and employees of various Bloemfontein-based organisations including the UFS, OFM and Kovsie Alumni Trust, was chaired by Mar'c Scholts of Brand Boss Creative.

This year's winner was Thabang Sithela from LA Wesi Secondary School in Nyakallong, Allanridge. He is registered to study B.Sc. (Geochemistry) on the Bloemfontein campus.

What makes the programme unique is the fact that finalists receive a holistic experience on campus, including career counselling, mentorship and guidance to campus life.

For more information on the programme, contact the UFS Director of Student Recruitment Services, Nomonde Mbadi at mbadin@ufs.ac.za.

---

and whether the applicant's parent, grandparent or guardian is, or has been a donor to the Trust.

The Trust also gives sport and ad hoc bursaries to deserving students. Some of the recipients of KAT ad hoc bursaries over the years, include well-known South African sport stars Wayde van Niekerk (in 2012) and Ox Nche (in 2014).

The Trust is also a sponsor of various University events. Since 2005, it has donated more than R1 million to the Matriculant of the Year competition, which fulfils an important recruitment function in drawing top students countrywide to the UFS. More recently, it has also become a major sponsor of the Star of Stars competition, which focuses on recruiting talented students from smaller rural schools. It has also sponsored the popular first-year outing, Kougomkamp, for many years as well as golf days, student cycling tours and more.

For more information about donating to the Trust, please contact:

**Willem Theron** on 082 376 4216, or the **Trust Office** on (051) 401 2043.

**By donating to the Trust, however, Kovsie alumni are not only investing in the future of the UFS, or the education of its youth. There is also a tax incentive for donors. A taxpayer making a cash or property donation to a section 18A approved organisation, such as the Kovsie Alumni Trust, is entitled to a deduction from his or her taxable income. Once donors have made a donation to the Trust, kindly contact the Trust office for a receipt to be able to claim this deduction.**

# Wie is *Blouwillem Theron?*



*Willem Theron tydens sy boekbekendstelling vroeër vanjaar.*

## Waar kom die naam "Blouwillem" vandaan?

Dis 'n koshuisstorie en het definitief niks met die Bulle te doen nie! In 1973 is daar spreiligte by Pelliespark opgerig en kon koshuisrugby nou saans onder ligte gespeel word. My ou koshuis, Reitz-kamerwonings, moes nuwe truie kry en die voorstel het gekom dat weggedoen moes word met die tradisionele blou trui en dat ons in wit moes speel sodat die toeskouers ons kwansuis beter kon sien. Ek was die voorvegter vir die ou blou trui en ons sterkste argument was dat as die toeskouers ons saans beter kon sien, ons teenstanders ons óók beter sou sien en ons dan kon "tackle". Na aande se redenasies is ons bloues met ses stemme geklop in 'n stemming en is voorgestel dat ek die res van my lewe as Blouwillem bekend sal staan. Ai!

## Jy is 'n stoere Cheetah-ondersteuner. Is dit maar net omdat jy op Kovsies geswot het of vanwaar jou liefde vir die Vrystaat?

Ek het in Pretoria grootgeword maar die Vrystaat se aantreklike hardlooprugby het my die lig laat sien. Ek en my kamermaat, Barry van Jaarsveld (wat nogal vir die Bulle Cravenweek gespeel het), het op 12 September 1971 besluit ons is nou Vrystaters toe die wittruie die magtige Transvaal met sy 11 Springbokke met 26-12 in Bloemfontein pakgegee het.

## Watter paadjie het jou loopbaan gevolg? Wat is jou beroep tans?

Ek het 'n Staatsleer-verhandeling oor "Stedelike Terrorisme" gedoen en so uiteindelik by die destydse Nasionale Intelligensiediens beland waar ek vir meer as 'n kwarteeu 'n baie interessante en uitdagende lewe gelei het. Nadat ek die departement in 1999 verlaat het, was ek vir 'n tyd mediaskakelbeampte vir Swem Suid-Afrika en was ek sedert 2002 bevoorreg om as bemarker van die Kovsie-Alumni Trust by my alma mater betrokke te kon wees. Sedertdien was my betrokkenheid by die Trust vir my ongelooflik verrykend omdat ek met duisende oudstudente kon skakel en so landswyd nuwe vriende kon maak, maar ook terselfdertyd fondse vir 'n baie goeie doel kon insamel.

## Hoe het jou betrokkenheid by die Trust begin?

In 2002 het Johan Botha, die legendariese eerste fondsinsamelaar van die Trust, by ons oorgebly op pad om fondse vir die Trust in die ooste van die land te gaan insamel. "Wil jy nie die drie dae saamry nie?" vra hy toe oor aandete en verander net daar my lewe. Ons is na plekke soos Ermelo, Barberton, Nelspruit en Middelburg en toe ons so saam met die Kovsies kuier, dog ek by myself, maar maggies dis 'n lekker werk dié! G'n wonder my geduldige vroutjie sê na 17 jaar steeds sy kan nie glo ek noem dit werk nie! Ja, en sedert Johan se aftrede 'n jaar of wat later, is dit wat ek doen en was ek nog nie 'n dag spyt nie.

## Hoe oortuig mens oud-Kovsies om nog geld vir hulle alma mater te gee? In 'n tyd waar almal maar sente omdraai, hoekom moet mens geld vir hulle oud-akademiese instelling gee?

Soms is dit maklik omdat meeste Kovsies so 'n onvergeetlike lekker studentelewe gehad het en dit vir 'n volgende geslag gun. 'n Benadering van "ek gee graag want ek kán en is dankbaar vir wat Kovsies vir my beteken het." Die Trust is 'n baie voordelige netwerk vir donateurs en meeste sien die belastingvoordele en geleentheid vir alumni se kinders om vir Trustbeurse aansoek te kan doen ook as 'n aantreklike byvoordeel. Ander kere kos dit mooipraat en baie oortuiging, veral as dinge op kampus skeefloop. Gelukkig is ons sedert die huidige rektor, Prof. Petersen, se koms in rustiger vaarwater en het baie toe hande weer intussen oopgegaan. Daaroor is ons diep dankbaar want ons is hierdie jaar vir die 14e keer in die laaste 15 jaar deur die R4 miljoen kerf.

## Wie is Blouwillem as hy by die huis is?

Die oupa wat die tjoppies braai en die koue goues skink (dis nou ás hy wel die slag tuis is want hy ry ver en wyd). Maar nee, oupa kla nie!